LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 33/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Seisoene

Ons vergeet soms die wonderlike seëninge wat daar in seisoene is. Ons weet seisoene kom altyd tot 'n einde voor 'n nuwe seisoen kan begin. Soos lente vir ons 'n nuwe seisoen is na 'n koue en moontlik moeilike winter so kan ons ook in ons persoonlike lewe uitsien na 'n nuwe begin. Ons lees in 2 Korintiërs 5:17, “Iemand wat aan Christus behoort is 'n nuwe mens, die oue is verby, die nuwe het gekom.” In Christus is daar vernuwing, wanneer u dink dit is tyd vir 'n nuwe begin, is Christus ‘n goeie keuse om by te begin.

## Goegieland

Baie dankie vir 'n besige, maar heerlike derde kwartaal saam met ons maatjies. Ons waardeer elke oomblik van lag, leer en groei wat ons saam kon deel.

**Insekte-dag -** ‘n Groot dankie aan al ons ouers vir julle kreatiwiteit en moeite met die kostuums en idees vir Insekte-dag. Ons maatjies het dit ongelooflik geniet om as allerlei kleurvolle goggas en insekte op te daag – dit was 'n vrolike en gesellige afsluiting van die kwartaal!

**Vakansie -** Ons wens vir al ons ouers en kinders ‘n gelukkige, veilige en rustige vakansie toe. Mag dit vol gesinsdae, lekker rus en sommer baie pret wees.

Groete uit Goegieland

## 4de Kwartaal Is Hier!

Die einde van die kwartaal is hier en soos verwag was hierdie 'n lekker besige kwartaal. Daar was heelwat verskillende aktiwiteite waaraan die kinders kon deelneem en ons is dankbaar vir die prestasies wat ons kinders kon behaal in hierdie aktiwiteite. Ons is baie dankbaar vir almal se getroue ondersteuning, dankie aan almal wat steeds in ons kinders en skool bly glo. Al stem ons nie altyd saam nie, kan ons steeds aan dieselfde ploeg help trek. Ons het slegs 'n kort vakansie voor die vierde kwartaal in aanvang neem. Ons is dankbaar vir almal betrokke se harde werk hierdie kwartaal, soms gebeur dit dat ons nie die resultate kry wat ons verwag het nie, wat ook dan vir ons 'n goeie leerskool is. Soos elke kwartaal is skoolbywoning baie belangrik, maar in die vierde kwartaal is dit belangrik dat die kinders by die skool moet wees om te verseker dat hulle op hoogte is van die werk wat in die klas gedoen word. Die einde van die jaar is weer Departementele eksamens en afbakenings vir hierdie vraestelle is baie moeilik om deur te gee. Die werk wat die kinders moet leer, sal dus meer wees. Kom ons neem die kwartaal met erns op sodat kinders hul beste moontlike punte kan behaal.

## Week se Program

### 13 Oktober 2025

- **Skool open vir 4de kwartaal**

### 14 Oktober 2025

- **Atletiek te LS Van Riebeeckpark**

### 16 Oktober 2025

- **Gholf Hoëveldgroep**

### 18 Oktober 2025

- **Rugby o/8 te LS Klipfontein**

### 4 tot 12 Oktober 2025

- **Skoolvakansie**

### 10 tot 12 Oktober 2025

- **Bergfiets Interprovinsiaal**

## Begrotingsvergadering

## 28 Okt ‘25



## Skool open 13 Okt ‘25 vir die 4de kwartaal.

## SAOU Provinsiale Uitvoerende Raad



Dit is met trots dat ons u gelukwens met u verkiesing om vir die volgende drie jaar op die SAOU Provinsiale Uitvoerende Raad te dien. Hierdie is 'n welverdiende erkenning van u toewyding aan die onderwys en u passie om op hoogte te bly van alle onderwyssake. U deeglike kennis, leierskap en visie sal ongetwyfeld 'n beduidende en blywende bydrae tot die onderwyskorps lewer. As personeel en ouers van Laerskool Goedehoop is ons trots op ons skoolhoof. U verteenwoordig nie net ons skool nie, maar ook die waardes en uitnemendheid waarvoor ons staan. Ons wens u sterkte toe met u termyn op die Provinsiale Uitvoerende Raad. Mag u hierdie geleentheid benut om 'n positiewe verskil te maak in die lewens van opvoeders en leerders reg deur die provinsie. Baie geluk, Mnr Gawie!

## Afrikaans Met Skop Revue

REVUE 2025...al weer 'n groot sukses en een vir die boeke! Ons wil vir een en elkeen wat 'n bydrae gelewer het tot ons pragtige Revue-vertoning uit ons hart uit dankie sê! Baie dankie aan elke ouer wat ingekoop het en ons maats so mooi laat vertoon het met hul pragtige klere, en dankie vir u bywoning en moeite om u kind by Kruik te kry vir beide die kleedrepetisie en vertonings. Baie dankie aan al die borge vir jul goedhartigheid om skenkings te maak en op hierdie manier dit vir só baie maats moontlik te maak om deel te hê aan ons mooi Revue...ons waardeer dit opreg! Baie dankie aan ons personeel vir hul harde werk en tyd met die inoefening van ons maats se oulike dansies, asook jul moeite met die beplanning en aankoop van ons maats se klere...julle még maar! En laastens, maar nie die minste nie, dankie aan elke maat wat so hard geoefen het en hul beste gegee het om van ons Revue 'n groot sukses te maak! Baie geluk met 'n puik vertoning Goedehoop!

## Expo







Suid-Afrika se beste Expo leerders sal meeding vir lewensveranderende pryse wat deure sal oopmaak na toekomstige studies en loopbane in Wetenskap, Tegnologie, Ingenieurswese, Wiskunde en Innovasie (WTWI) by hierdie jaar se Eskom Expo vir Jong Wetenskaplikes (ISF). Van 6 tot 10 Oktober 2025 sal 'n totaal van 303 leerders uit 35 streke regoor Suid-Afrika en 16 internasionale deelnemers uit Lesotho, Namibië, Zimbabwe, Mexiko, Ierland, Indië en Rusland hul projekte ten toon stel by die Emperors Palace-konferensiesentrum in Kempton Park. Daarbenewens sal sewe deelnemers uit Ghana en Mosambiek die geleentheid hê om virtueel deel te neem. Ons skool is bevoorreg dat Milan Zwarts en Philip Cloete deel is van die groep leerders. Baie strekte vir julle twee. Ons as skool is baie trots op julle prestasie en ons hou styf duim vas vir julle projekte.




| 6 Okt | 7 Okt | 8 Okt | 9 Okt | 10 Okt | 11 Okt | 12 Okt |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Diané Froneman<br>Charlotte Wasserman<br>Monique Phillips | Alec Urquhart | Duvan Grundling<br>Danielle v Zyl<br>Melissa Hennign<br>Jaydon Geël | Izelle Joubert<br>Ewan Schnuir<br>Nathan v Nes | Patrick Marais<br>Xavier Myburgh<br>Tristian Purchase<br>Diandré Nel |
| **13 Okt** | **14 Okt** | **15 Okt** | **16 Okt** | **17 Okt** | **18 Okt** | **19 Okt** |
| Louis Sauer | | Liam Dalgleish<br>Crysta-Lee Louw<br>Lenisha Louw | Monique Steynmann<br>Masson v Jaarsveld | Marizaan Nagel<br>Charl Byleveld<br>Lillian Petzer<br>Evalt Vermaas | Jandré Grobler | Mila du Plessis<br>Ayden Grobbelaar<br>Mia vd Merwe |

# Bergfiets Interprovinsiaal
















Ons wens die volgende leerders van ons skool sterkte toe met die opkomende Interprovinsiale wedrenne, 11 en 12 Oktober 2025 by Tzaneen Merensky Secondary School. Hierdie is 'n spesiale geleentheid waartydens die ryers selfs nog verder uitgedaag gaan word om uit te styg. Hierdie leerders het deur die seisoen ongelooflik hard gewerk en uitstekende groei getoon. Ons wens julle net die beste toe en is reeds trots op elke ryer!

Nippers: Wiané vd Berg, Erik du Plessis en Stephen Mouton
Sprogs: Marisa Mouton, Lumé Storm en Sebastiaan Matthee.
Sub-Juniors: Monique Phillips.

# Hokkie

Ons is baie trots op ons seuns o/12-hokkiespan wat 4de geëindig het tydens die Mpumalanga Uitspele wat plaasgevind het op 26 en 27 September 2025 te Nelspruit.



Henru Smuts
Ewan Rynders
Tristan Landsberg
Zian Mocke
Tyler Hartzenberg
Wian le Roux
Waldt v Niekerk
Brandt du Plessis
Mynardt Rörbeck
Nico vd Westhuizen
Daantjie Lesch
Jayden v Aswegen

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

Goedehoop-Groete
Mnr. Gawie van Niekerk
Prinsipaal

Die Skakel

## Warrior Princesses & Friends




Laai hier die Karri-toep af!

APPLE STORE PLAY STORE

